

Meestersimbool van 'n nuwe werklikheid: Jesus van Nasaret en die koninkryk van God volgens die sinoptiese evangelies

S.J. Joubert
Departement Bybelkunde
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

Abstract

This essay focuses on Jesus' understanding of the term kingdom of God as reflected in the Synoptic Gospels. Advancing from the viewpoint that he used it as a master symbol for the new reality which he proclaimed during his public ministry, the following aspects are discussed in this regard: Jesus' view of himself, God, others, time and place. Throughout the essay attention is paid to Jesus' activities in creating an encompassing new reality with new 'borders', which differed radically from the world views of the Jewish religious leaders of his day.

1. DIE METODOLOGIESE AANPAK

Volgens vele navorsers vorm die koninkryk van God die sentrale tema van die prediking van Jesus van Nasaret. Tot op hede is baie studies rondom hierdie tema onderneem, en is daar vanuit verskillende perspektiewe gepoog om Jesus se opvattinge aangaande die koninkryk te sistematiseer en die betekenis daarvan in teologiese terme te verwoord (byvoorbeeld Ridderbos, 1962; Chilton, 1984; Beasley-Murray, 1986). Die meerderheid ondersoekers na Jesus van Nasaret se optrede en leerstellinge worstel egter op metodologiese vlak met die probleem rondom die onderskeie evangeliste se interpretasies van die Jesusverhaal en sy selfverstaan. Heelwat aandag is dan ook reeds in hierdie verband gewy aan die ontwikkeling van allerlei kriteria vir die identifisering van materiaal in die evangelies wat sou teruggaan tot by Jesus self. Tot op hede is die resultate egter nie bemoedigend nie. Sommige geleerdes meen byvoorbeeld dat die soeke na die 'historiese Jesus' eintlik 'n futiele oefening is omdat ons nie agter die vroegste strata van die tradisies oor hom kan inkom nie. Andere oordeel weer dat die materiaal in die evangelies wat na hulle mening tot by Jesus teruggerlei kan word, op die ou end te min is om enige substansiële opmerkings oor sy leringe te maak.

Sonder om te wil voorgee dat die evangelies Jesus se woorde en dae slaafs weergee, skaar ons ons by diegene wat die voorstelling van hom in hierdie geskryfte ernstig opneem (byvoorbeeld Witherington, 1990). Jesus se optrede was die impetus vir die

ontstaan van die vroeë kerk. Vandaar hulle behoefte om 'n betroubare beeld van hom in hulle dokumente weer te gee wat sou korrespondeer met die wyse waarop hy homself tydens sy openbare optrede aangebied het. En soos wat die vroeë kerk-geskiedenis ook bevestig, was die evangelies inderdaad vir die vroeë Christene gesaghebbende weergawes van Jesus se optrede omdat dit onder andere ooreengekom het met die die apostels se verkondiging aangaande hom.

Die Jesusverhaal het 'n lang mondelinge proses deurloop waarbinne verskillende uitsprake en tradisies oor hom algaande 'gekontekstualiseer' is. Die eventuele opskrifstelling van die evangelies sedert die sestigerjare van die eerste eeu het ook nie in 'n vakuum plaasgevind nie omdat die evangeliste telkens bepaalde perspektiewe aangaande Jesus aan hulle beoogde leserskringe wou oordra. Ons sou die evangelies daarom kan tipeer as kerugmatiese vertellings oor Jesus wat geloof wou wek en/of versterk by hulle oorspronklike lesers. Maar hierdie proses van oorlewering en interpretasie het nie tot 'n diskontinuiteit tussen die 'historiese' Jesus en die opskrifgestelde weergawes van sy optrede aanleiding gegee nie. Die getrouheid waarmee uitsprake van hom (soos sy instellingswoorde by die Nagmaal) binne verskillende vroeg-Christelike tradisies oorgelewer is, bevestig dit baie duidelik (vergelyk Schürmann, 1960). Geloof en geskiedenis, die evangeliste se (geloofs-) verstaan van die Jesusgebeure in die lig van hul eie situasies, en Jesus se selfbekendmaking ten tye van sy openbare optrede, staan daarom nie lynreg teenoor mekaar nie. Sonder om egter nou veel verder in hierdie metodologiese debat verstrengel te raak (vergelyk in dié verband Kümmel, 1985; Funk & Hoover, 1992), is dit ons uitgangspunt dat daar 'n saaklike kontinuïteit tussen Jesus se woorde en daede en die geïnterpreteerde weergawes hiervan binne die evangelies bestaan.

Soos reeds gesê, val die klem in hierdie artikel op Jesus se siening van die koninkryk van God soos wat dit veral in die sinoptiese evangelies aan die orde gestel word.¹ Aan die hand van 'n 'Bybelkundige' lees van hierdie tekste gaan ons 'n 'sinoptiese konstruksie' van Jesus se opvattinge oor die koninkryk onderneem. Die impak van, en die wisselwerking tussen die historiese omstandighede in Palestina in die eerste eeu en Jesus se algemene optrede (soos weerspieël in die sinoptici), sal deurgaans binne hierdie konstruksie verdiskonteer word. Die feit dat hy die wêreld op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis binne 'n spesifieke lokaliteit betree het, het hom immers histories veranker en deel gemaak van die konvensies, norme en waardes van sy tyd. Op sy beurt het Jesus volgens die sinoptici egter ook weer 'n daadwerklike invloed op sy omringende konteks uitgeoefen, soos wat ons weldra sal sien.

¹ In die Johannesevangelie tree die term, *die koninkryk van die hemele*, heeltemal op die agtergrond en kom dit slegs in Johannes 3:3 en 5, asook in 18:36 voor. Dit is ook opvallend dat Matteus veral die term *die koninkryk van die hemele* gebruik, teenoor Markus en Lukas wat van *die koninkryk van God* praat. Al drie sinoptiese evangelies bedoel egter dieselfde met hierdie uitdrukking. Matteus gebruik die uitdrukking *die koninkryk van die hemele* bloot net in navolging van 'n Joodse gebruik van sy tyd om God se naam so min as moontlik te noem en eerder van 'surrogaatterme' (soos *die hemele*) gebruik te maak.

2. DIE JOODSE SIENINGE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD RONDOM DIE EERSTE EEU n.C.

Daar het nie 'n eenvormige siening oor die konsep *die koninkryk van God* onder die Jode in Jesus se tyd bestaan nie. Die Joodse samelewing was gedurende dié tyd baie gefragmenteerd met 'n groot verskeidenheid bewegings, faksies en groepe wat elk hul eie beskouinge gehandhaaf het (Ebertz, 1987:53-196). Hierdie gebrek aan 'n eenvormige siening het natuurlik ook gegeld ten opsigte van hulle verstaan van die konsep *koninkryk*.

2.1 Die apokaliptiese interpretasie van die koninkryk van God

Die begrip *koninkryk* kom nie dikwels voor in die religieuse literatuur wat in Jesus se tyd in Palestina in omloop was nie. Selfs in die Ou-Testamentiese dokumente word dié begrip maar selde aangetref. Tog figureer die motief van God se koningskap gereeld hierin. God word byvoorbeeld nie net as Koning van Israel uitgebeeld nie (Eks. 15:18; Deut. 33:5), maar ook as Koning oor die ganse aarde (2 Kon. 19:5; Jes. 6:5). En alhoewel Hy reeds as Koning oor sy volk regeer, moet sy heerskappy ook nog in die toekoms op aarde realiseer (Jes. 33:22; Sag. 14:9-10).

Sedert die tweede eeu v.C. het 'n aantal Joodse apokaliptiese werke die lig gesien waarin God se heerskappy egter binne 'n nuwe raamwerk geplaas is. Terwyl die Ou-Testamentiese profete veral aan God se heerskappy binne historiese verbande gedink het, het baie van hierdie apokaliptiese werke die fokus verskuif na 'n imminente, bo-aardse koninkryk. Die bekendste van hierdie tipe werke is sekerlik die boek Daniël wat rondom 160 v.C. geskryf is om Jode wat deur Antiochus Epifanes IV vervolgt is, te bemoedig. In 'n visioen in Daniël 7:9-14 word God se vernietiging van alle vyandige magte, en sy gevolglike alleenheerskappy deur middel van die Seun van die mensfiguur byvoorbeeld vermeld. En in *Die Testament van Moses*, 'n geskrif wat teen 167 v.C. geskryf is en kort na die dood van Herodes die Grote hersien is, verneem ons ook van God se imminente koninkryk wat sal aanbreek as Hyself sigbaar verskyn om al sy vyande te vernietig. In 'n gedeelte van die boek 1 Henog wat rondom die jare 100 v.C. geskryf is, word God se ingrype in die wêreldgeskiedenis, ook deur middel van die Seun van die mens, sowel as sy finale oordeel eweneens beskryf. Vanuit die kursoriese verwysings hierbo blyk dit dat heelwat Jode rondom die eerste eeu die mening toegedaan was dat een of ander Goddelike mag spoedig in die bestaande wêreldorde sou ingryp om alle opponerende magte te vernietig.

2.2 Die etiese interpretasie van die koninkryk onder die Jode

Die *koninkryk* het nie net binne apokaliptiese kringe rondom die eerste eeu gefigureer nie. Veral ook binne die geleedere van die Joodse filosowe en wysheidsleraars (dit is, persone wat korrekte norme en lewensreëls aan andere geleer het) het hierdie konsep aandag geniet. Die Joodse filosoof, Filo, het byvoorbeeld in vele van sy geskrifte benadruk dat konings en regeerders hulle koningskap moes modelleer aan die hand van die koninkryk van God. Hy vermeld ook dat alle persone wat met wysheid optree, reeds deel het aan God se ryk. In *Die wysheid van Salomo*, 'n geskrif wat rondom 40 n.C. geskryf is, kom dieselfde refrein voor as daar gesê word dat mense wat met wysheid optree, soos die aartsvader Jakob, reeds die koninkryk besit (Crossan, 1991:288-291).

2.3 Die simboliese verstaan van die koninkryk

Vele Jode het die verhouding tussen die wêreld van God en hulle eie leefwêreld simbolies beleef. In dié verband is die term *koninkryk* nie bloot net as 'n abstrakte konsep verstaan nie, maar ook as 'n simbool wat na bepaalde aspekte van mense se perseptuele belewenisse verwys het (Perrin, 1976:40-43). Hierdie simbool, met sy bykans onuitputlike verstaansmoontlikhede, was diep ingeburger in die geskiedenis van Israel as die uitverkore volk van God. Meer konkreet beskou, was *die koninkryk* 'n meestersimbool van hulle godsdienstige belewenisse rondom die tempel, hulle grondgebied en die Tora (Freyne, 1988:176-218). Die tempel in Jerusalem is as die sigbare woonplek van God beskou; daarom was dit vir baie Jode die mees heilige lokaliteit op aarde. Ook is die grondgebied van Israel beskou as God se eiendom wat Hy in sy verbond aan hulle beloof het (Neyrey, 1991:279). Terselfdertyd was die Tora die sigbare vergestaltung van God se koninklike wil wat seën beloof het vir diegene wat hulle lewens daarvolgens ingerig het.

Uit die bovermelde bespreking blyk dit dat die term *koninkryk* rondom die eerste eeu 'n hele web van betekenis vir mense voor oë geroep het. Hierdie verskillende konnotasies het mekaar egter nie noodwendig wedersyds uitgesluit nie; persone kon met ander woorde aan die koninkryk dink as die simbool van God se heerskappy in die geskiedenis van sy volk, sowel as 'n komende werklikheid. Ten diepste het die term *koninkryk* egter vir alle Jode op een of ander wyse verband gehou met God se koningskap. Binne hierdie milieu het Jesus van Nasaret rondom die jaar 28 n.C. ook sy eie aksente rondom God se koninkryk in woord en daad bekendgemaak.

3. JESUS EN DIE KONINKRYK VAN GOD: 'N SINOPTIESE PERSPEKTIEF

Die sinoptiese evangelies is ooreenstemmend in dié opsig dat Jesus die koninkryk van God ten tye van sy optrede in Galilea verkondig het en mense opgeroep het om hulle lewens dienooreenkomstig in te rig (Matt. 4:17; Mark. 1:15). Ongelukkig bied die sinoptiese evangelies nie 'n klinkklare omskrywing van sy sieninge hieroor aan ons nie, sodat ons by wyse van 'n vergelykende analise van die beskikbare gegewens 'n beeld van Jesus se opvattinge hieroor moet konstrueer. Sonder om egter nou in 'n tegniese bespreking te verval, is dit ons vertrekpunt dat Jesus die term *koninkryk van God* gebruik het as 'meestersimbool' om 'n nuwe werklikheid wat hyself ingelei het onder woorde te bring. Hierdie term verwys met ander woorde na, en omvat die ganze realiteit wat Jesus tydens sy optrede verkondig het.

Ons gaan nou Jesus se opvattinge oor die koninkryk in die volgende vyf afdelings bespreek, naamlik sy siening van homself, God, andere, tyd en plek. Aan die hand van hierdie kategorieë baken die meeste mense en groepe gewoonlik hulle sieninge van die realiteit af en verleen reliëf daaraan (Neyrey, 1991:271-304). Genoemde kategorieë, waarvolgens die ganze sigbare en onsigbare werklikheid omgrens word, bied sodoende aan ons 'n handige 'hermeneutiese sleutel' om die betekenis van *die koninkryk*, soos wat Jesus dit volgens die sinoptici gebruik het, konseptueel te ontsluit.

3.1 Jesus se siening van homself: die Geesvervulde bekendmaker van die koninkryk van God

Aan die hand van die beskikbare gegewens in die evangelies sou ons Jesus se bediening as 'n Geesvervulde bediening kon tipeer (Hengel, 1981:38-84; Vermes, 1983:58-82; Borg, 1987:25-34). Hierdie tipering as 'n Geesvervulde bediening blyk onder andere uit die volgende:

- * *Jesus se openbare optrede word deur die Gees van God bekragtig.* Tydens sy doop deur die bekende Joodse profeet, Johannes die Doper, sien hy volgens die sinoptici 'n visioen waartydens die Heilige Gees in die vorm van 'n duif op hom neerdaal om hom toe te rus vir sy taak (Matt. 3:13-17 en parallelle gedeeltes.)
- * *Jesus se optrede word deur die Gees beheers.* Volgens die evangelieskrywers was hy voortdurend bewus van die teenwoordigheid van die Gees by hom (Matt.12:28). Vele persone wat met Jesus te doene gehad het, was ook bewus van die feit dat hy deur 'n bonatuurlike mag gelei is, alhoewel daar

verskil van mening oor die oorsprong hiervan was. Sommiges het gemeen dat hy Elia is, of een van die profete, of selfs Johannes die Doper wat intussen uit die dood opgewek is (aldus Mark. 6:14-16), terwyl sy dissipels hom weer as die Messias beskou het (Mark. 8:29). Sommige Fariseërs was eger van mening dat hy onder die beheer van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels, gestaan het (Matt. 12:24). Hierdie uiteenlopende interpretasies van Jesus se gesag, sy persoon en die aard van sy sending is veral teweeggebring deur die eiesoortige inhoude van sy leringe oor die koninkryk van God en sy gepaardgaande optredes in dié verband.

- * Jesus se Geesvervalde bediening is volgens die sinoptici *gekenmerk deur voortdurende kontak tussen hom en God*, asook tussen hom en ander figure wat hulle in hierdie onsigbare bestaansfeer bevind het. Ons het reeds gesien dat Jesus ten tye van sy doop 'n visioen gesien het waar die Gees op hom neerdaal. Na afloop van hierdie gebeure word hy, soos 'n Moses en Elia van ouds, deur die Gees die woestyn ingelei vir 'n tydperk van toetsing en afsondering (Matt. 4:1-11 en parallelle gedeeltes). Hier word hy dan ook deur God se groot teenstander, Satan, versoek, maar hy deurstaan dit, waarna God se engele aan hom verskyn om hom te versorg. Kort voor Jesus se vertrek na Jerusalem teen die einde van sy bediening verskyn Moses en Elia, die twee bekendste charismatiese figure uit die Joodse geskiedenis, ook aan hom (Matt. 17:1-8 en parallelle gedeeltes).
- * Jesus se Geesvervalde sending word volgens die sinoptici *gekenmerk deur die doen van magtige dade*. In die tradisie van pasgenoemde Geesvervalde profete uit die geskiedenis van Israel, Elia en Elisa, en in ooreenstemming met kontemporêre Joodse figure soos Honi en Hanina ben Dosa (Boers, 1989:7), het Jesus vele genesings en wonderwerke gedoen en mense ook van allerlei demoniese magte bevry.

Die evangelies is verder ooreenstemmend in dié opsig dat Jesus homself as die gesagvolle bekendmaker van God beskou het. Hy was die een wat sy Vader se hart die heel beste geken het en onder die mense van sy tyd kom bekendmaak het. Vir hom was sy wonderdade die sigbare bewyse hiervan. 'n Kykie na sy wonders, asook na sy kommentaar hierop, behoort vir ons 'n aanduiding te gee van die wyse waarop hy homself as bekendmaker van die koninkryk gesien het:

3.1.1 Duiweluitdrywing: Jesus se mag as brenger van 'n nuwe koninkryk

Die Jode in Jesus se tyd was bewus van die bestaan van allerlei onsigbare bese magte wat hulle ter enige tyd kon beset of leed aandoen. Mense het naamlik geglo dat hulle

dade altyd een of ander reaksie in die onsigbare wêreld van God en/of die Bose ontlok het (Böcher, 1972:13-59). Veral die doen van sondige daade (soos owerspel), of toevallige kontak met bose magte (wat gewoonlik woonagtig was in die lug, in die grond, in woestyne of in sekere diere) kon maklik tot demoniese besetting aanleiding gee. Daarom is die hulp van duiweluitdrywers dikwels ingeroep om 'besetenes' te probeer bevry. Volgens 1 Henog 37-71 het Asasel (die Satan) aan die hoof van al hierdie demoniese magte en van die bose wêreld gestaan. Jesus deel ook hierdie werklikheidsbeskouing volgens die sinoptiese evangelies.

Jesus se openbare bediening is volgens die evangeliste gekenmerk deur voortdurende konflik met die heerser van die bose wêreld en sy magte: heel aan die begin van sy optrede vind 'n direkte botsing byvoorbeeld tussen hom en die Satan in die woestyn plaas (Matt. 4:1-11). Demoniese magte wat mense beset het, het volgens die sinoptici ook dikwels met Jesus te doene gehad. Anders as die duiweluitdrywers en towenaars van sy tyd het hy egter nie van towerspreuke, amulette of homeopatiese middele gebruik gemaak om die duiwels af te weer of uit te dryf nie. Hy het dit telkens slegs deur 'n magwoord gedoen (Mark. 1:25; 5:13).

Jesus het volgens die skrywers van die sinoptiese evangelies ook by 'n aantal geleenthede kommentaar op sy duiweluitdrywings gelever deur aan die omstanders die doel en betekenis daarvan te verduidelik. Een van die bekendste voorbeelde in dié verband kom in Matteus 12:28 voor waar hy sê dat die koninkryk van God tot by die mense gekom het deur sy duiweluitdrywings. Jesus verduidelik hier dat sy eie optrede die vernietiging van die mag van die bose impliseer, asook die sigbare inbreek van die koninkryk van God binne die mensewêreld. En in Lukas 10:18, nadat Jesus 72 dissipels uitgestuur het na die dorpe waar hy nog moes gaan optree, en hulle dan terugkeer met die goeie nuus dat die duiwels voor hulle geswig het, sê hy dat hy die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het. Jesus verstaan sy eie optrede dus as niks minder nie as 'n oorname van die onsigbare en sigbare magsgebied waaroor Satan die septer geswaai het. In 'n kort gelykenis in Lukas 11:21-23 illustreer hy hierdie punt treffend as hy sê dat hy die 'sterk man' (Satan) se huis binnegeval het en al sy wapens afgeneem het omdat hy die sterkste van hulle twee is. Die bose werklikheid tesame met sy leier word dus volgens die sinoptici deur Jesus met 'n nuwe goddelike werklikheid vervang.

3.1.2 Jesus se wonders: gestaltegewing van die koninkryk van God

As Johannes die Doper kort voor sy dood een van sy volgelinge na Jesus toe stuur met die vraag: "Is u die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?", reageer Jesus volgens Matteus soos volg hierop:

"Gaan vertel vir Johannes wat julle sien: Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dows hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die ewangelië verkondig. En gelukkig is elkeen wat nie aan my begin twyfel nie" (Matteus 11:4-6).

Alhoewel die term *koninkryk* nie eksplisiet in hierdie gedeelte voorkom nie, blyk dit tog hieruit, sowel as uit gedeeltes soos Matteus 4:23 en 9:35, waar Jesus se prediking oor die koninkryk en sy genesings in dieselfde asem genoem word, dat hy sy wonderdade volgens die sinoptici as merktekens van 'n nuwe Goddelike werklikheid beskou het. En hierdie werklikheid (*die koninkryk*) was ervaarbaar en sigbaar: wanneer siekes genees is en dooies opgewek is, was dit vir Jesus 'deursigtige' gebeurtenisse waaragter mense God se nuwe realiteit kon raaksien (Beasley-Murray, 1992:21-22).

3.1.3 Die ambivalente koninkryk van God

Anders as vele wonderwerkers, wysheidsleraars en duiweluitdrywers van sy tyd het Jesus volgens die ewangeliëskrywers daarop aanspraak gemaak dat die werklikheid wat hy verkondig het eksklusief deur God gesanksioneer word. Daarom het hy van diegene wat sy woorde aangehoor het en sy wonderdade aanskou het, verwag om hul bestaan rondom die inhoud van sy leringe in te rig ten einde hieraan deel te kon hê (Matt. 11:28-30). Trouens, hy het homself ook geïdentifiseer met die bekende 'Seun van die mens-figuur' uit die Joodse apokaliptiek (vgl. ook afd. 3.4).² As 'Seun van die mens' het hy onder andere gesê dat hy gekom het om te soek en te red wat verlore is (Luk. 19:10), om mense se sondes te vergewe (Mark. 2:10) en om sy lewe te gee as 'n losprys vir baie (Mark. 10:45). Tog is Jesus se magtige daade en leringe volgens die sinoptici op uiteenlopende wyses deur die mense van sy tyd verstaan. Ons het vroeër reeds na Matteus 12:24 verwys waar die Fariseërs Jesus se duiweluitdrywing geïnterpreteer het as 'n daad wat hy met behulp van die Satan verrig het. Hulle en ander Joodse leiersfigure het blykbaar ook gereeld met Jesus gebots oor die aard van sy sending (Mark. 8:11-12; Matt. 16:1-4). Sommige van die skares het ook negatief op Jesus se sending gereageer. Tydens sy optrede in sy tuisdorp, Nasaret, was die inwoners volgens Markus baie verbaas oor sy wysheid en die kragtige daade wat hy verrig het (6:1-7). Omdat hulle hom egter geken het as 'n timmerman uit hul eie geleedere, en as die seun

² Daar is tans 'n intense debat rondom Jesus se verstaan en gebruik van die benaming *Seun van die mens* onder Bybelwetenskaplikes aan die gang. In hierdie verband is dit veral moeilik om uit te maak of Jesus dit as 'n titel of 'n algemene spreekvorm (met die vertalings-ekwivalent 'ek') gebruik het. In hierdie verband kies ek vir die titulêre gebruik hiervan, en aanvaar dat Jesus dit dikwels in apokaliptiese verband gebruik het (vergelyk Vorster, 1990:22-27; Gnika, 1990:157-165; Crossan, 1991:238-259).

van Maria, verwerp hulle sy gesagsaanspraak. Aan die ander kant het baie mense weer positief op Jesus se openbare optrede gereageer, soos wat dit onder andere blyk uit die sinoptici se verwysings na hulle verbasing oor die gesag waarmee hy geleer het (Matt. 7:28-29; 9:8; Mark. 5:20). Aan sy navolgers het Jesus egter gesê dat hulle dit moeilik sou hê omdat sy koninkryk verdeeldheid onder mense gebring het (Luk. 12:49-53).

3.2 Jesus se siening van God

Jesus het nie sy eie koninkryk kom vestig nie, maar wel *die koninkryk van God*; hy sien God as die barmhartige Vader aan die hoof van die koninkryk. In hierdie proses het hy volgens die sinoptiese evangelies vir die mense van sy tyd op 'n nuwe manier kom vertel hoe God heerskappy voer. In hierdie verband het Jesus se eie verstaan en belewenis van God as paradigma gedien waarvolgens hy Hom aan hulle bekendgemaak het.

3.2.1 Jesus se unieke verhouding met die Vader

Uit die evangelies is dit duidelik dat Jesus vir God as Vader geken en as sodanig aangespreek het. In Markus 14:36, wat verwys na Jesus se gebed in die tuin van Getsémané, is die Aramese vorm van hierdie aanspreekwyse, *Abba*, nog behou. Dié term illustreer die intimiteit van die verhouding tussen Jesus en God. Terselfdertyd verwoord dit ook die respek en agting waarmee hy jeens God opgetree het omdat hy homself heelhartig onder die wil en beheer van sy Vader gestel het (Vermes, 1983:40-43). Volgens Jesus was die verhouding tussen hulle 'n unieke verhouding. Hy het trouens daarop aanspraak gemaak dat slegs hy God volledig geken het; daarom kon ook net hy vir God en sy nuwe orde aan die mense bekendstel (aldus Luk. 10:22).

3.2.2 Die barmhartige Vader op soek na sy verlore kinders

Uit Jesus se leringe in die sinoptiese evangelies blyk dit dat die koninkryk van God nie as gevolg van menslike aktiwiteit tot stand kom het nie, maar alleenlik op grond van God se ingrype in die gang van die mensewêreld. En, soos reeds gesê, het hierdie Goddelike ingrype reeds op 'n dinamiese wyse in Jesus se bediening begin. In teenstelling met vele profetiese figure van sy tyd wat God se handeling met oordeel in verband gebring het, beklemtoon Jesus volgens die sinoptici egter God se barmhartigheid. Veral in sy gelykenisse wys hy daarop dat God soos 'n Vader is wat na sy 'verlore kinders' kom soek en dan feesvier as Hy hulle uiteindelik vind en teruglei na Hom toe. Deur hierdie verhale, wat hulle verwysingspunt in die alledaagse

bestaanswêreld van sy Galilese hoorders gehad het, het Jesus die nuwe Goddelike werklikheid, wat in hulle midde aan die ontvou was, treffend onder woorde gebring.

In Lukas 15 kom 'n bekende drietal gelykenisse voor wat God se rol as die barmhartige Vader baie treffend illustreer (Du Plessis, 1990), naamlik die gelykenis van die verlore skaap, die verlore muntstuk en die verlore seun. Hierdie gelykenisse hou almal op een of ander manier verband met goedere of persone wat weggraak en waaroor daar dan groot vreugde is wanneer hulle uiteindelik gevind word. In dié gelykenisse trek Jesus 'n duidelike verband tussen die 'soekende figure' (soos die vader van die verlore seun) en God, en maak dit duidelik dat God die Een is wat ook op soek is na verlorenes, dit wil sê na mense wat nie deel van sy koninkryk is nie. Maar God soek nie net nie; Hy vind hierdie verlorenes ook en maak hulle deel van sy ryk.

Volgens die sinoptici maak Jesus dit egter ook duidelik dat God op 'n misterieuse wyse onder mense aan die werk is. Sy koninkryk het nie met trompetgeskal in die wêreld gearriveer nie, maar stilweg. Juis om hierdie rede het mense Goddelike verligting nodig om sy werkinge raak te sien en positief daarop te reageer. In 'n aantal gelykenisse in Markus 4 word die geheimsinnige werking van God se koninkryk binne die wêreld dan ook treffend uitgebeeld. Jesus vertel onder andere hier die bekende gelykenis van die saaiër wat saai, maar die saad val op verskillende tipes grond. Op die ou end kom net 'n kwart van die saad op, naamlik dié wat op die vrugbare grond geval het. Hy vergelyk die koninkryk ook nog met 'n klein mosterdsaadjie, wat nadat dit begin groei, groter as al die tuinplante word. Uit hierdie gelykenisse blyk dit dat die koninkryk van God op 'n 'andersoortige' manier in die wêreld gearriveer het. Baie mense herken nie die ware aard daarvan nie en bly daarom geestelik blind. Maar dit verander niks aan die feit dat God deurentyd aan die werk is nie.

3.3 Jesus se siening van andere

Volgens Markus het Jesus gesê dat hy nie gekom het om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars (2:17). Jesus sien die koninkryk dus as bestemming ook vir sondaars en eerloses. Lukas beaam hierdie gedagte as hy vir Jesus aanhaal waar hy sê dat hy gekom het om te soek en te red wat verlore is (19:10). En volgens Matteus het Jesus al die verlore skape van Israel kom opsoek (15:24). Maar wie was hierdie sondaars op wie Jesus sy sending toegespits het, en hoe het hulle deelgekry aan die koninkryk van God? Ter beantwoording van hierdie vrae, staan ons voorts stil by die volgende fasette van Jesus se optrede jeens die mense van sy tyd.

3.3.1 Jesus se bediening aan sondaars en eerloses

'n Klein groepie magshebbers het gedurende die eerste eeu in Palestina die septer op politieke en ekonomiese gebied (Rohrbaugh, 1991:67-74) geswaai. Die Joodse godsdienstige leiers, soos die priesterlike aristokrasie, die Fariseërs en die Sadduseërs, het meesal uit hierdie groeperinge voortgekam en hul sieninge van hoe God gedien moes word is as normatief vir die res van die bevolking beskou. Alhoewel hierdie religieuse groeperinge onderling met mekaar verskil het oor die presiese grense wat hulle om 'die werklikheid' getrek het, was hulle in beginsel met mekaar eens dat basiese gehoorsaamheid aan God se wet 'n duidelike grens tussen die 'regverdiges' en die 'goddeloses', die 'reines' en die 'onreines' getrek het. Diegene wat die gebooie van God verwerp het en/of nie bereid was om hul lewens heelhartig hiervolgens in te rig nie, het in laasgenoemde kategorie geval. Hulle is as 'sondaars' gekategoriseer, as mense wat onrein was en daarom nie aan kultiese handeling kon deelneem nie. 'Godvresende' Jode is ook nie toegelaat om met hierdie mense te meng nie ten einde nie deur hulle 'besoedel' te word nie.

Volgens die evangeliste (en met name, Lukas) het Jesus sy bediening grootliks toegespits op diegene wat in die Joodse religieuse leiers se kategorie van 'sondaars' geval het – mense soos prostitute en tollenaars. Volgens Markus het hy byvoorbeeld 'n tollenaar, genaamd Levi, uitgenooi om een van sy dissipels te word (2:13-14) en het hy ook gereeld saam met sommige van hulle geëet. Tollenaars was natuurlik 'n veragte groep mense in Palestina gedurende die eerste eeu, hoofsaaklik vanweë hul grootskaalse uitbuiting van persone by die verskillende tolpunte. Bāie Joodse godsdienstige leiers was daarom van mening dat hulle inderwaarheid buite die dampkring van God se genade gestaan het (Herrenbrück, 1990:162-227). Daarom is dit te verstane dat Jesus se kontak met tollenaars groot opslae gemaak het onder die mense van sy tyd (Mark. 2:13-17). Jesus het trouens by geleentheid een van die 'etikette' wat mense in dié verband aan hom toegevoeg het, aangehaal: "Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: 'Kyk daar, 'n vraat en 'n wunsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars'" (Matt. 11:19).

Lukas noem in sy evangelie dat die tollenaars en sondaars ook gereeld na Jesus se leringe kom luister het (15:1). In Lukas 15:2 verneem ons die verwyte reaksie van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs hierop: "Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle." Jesus het tydens sy openbare optrede ook nog kontak met ander sosiaal-uitgeworpenes, soos prostitute, gemaak (aldus Luk. 7:36-50). Bo en behalwe hierdie tipe persone, het Jesus ook nog uitgereik na diegene wat nie eervolle posisies beklee het binne die hiërargies bepaalde samelewingstrukture van hulle tyd nie. Toe sy dissipels byvoorbeeld op 'n keer loop en stry het oor wie die belangrikste in die koninkryk is (Mark. 9:33-36), roep hy 'n kind nader en verklaar dan dat diegene wat

hulleself so gering ag soos 'n kind die vernaamste in die koninkryk is. Volgens Markus seën Jesus ook by geleentheid 'n groepie kindertjies wat deur hulle ouers na hom toe gebring is (10:13-16). Kinders het in dié tyd 'n ondergeskikte rol binne die samelewing gespeel (Malina, 1989:127-141), maar Jesus kom ruil hierdie rolle as't ware om binne die nuwe werklikheid wat hy verkondig deur kinders nou as voorbeelde van belangrikheid binne hierdie werklikheid uit te sonder.

Ander persone wat eweneens ook nie vername posisies binne die sosiale opset gedurende dié tyd beklee het nie, soos heidene en vroue (Montgomery, 1989:115-124), is ook volgens die sinoptici deur Jesus raakgesien. Hy oortree volgens Lukas byvoorbeeld die streng patriargaal-georiënteerde grense van sy tyd deur met vroue in die openbaar te praat, finansiële ondersteuning vir sy sending van 'n klompie vroue te aanvaar en van hulle as volgelinge saam te neem waar hy van dorp tot dorp opgetree het (8:2-3). Terselfdertyd het Jesus ook nog met die onrein heidene gemeng. Alhoewel sy sending volgens Matteus grootliks op Israel afgestem was (10:5; 23), het hy by 'n hele aantal geleenthede met nie-Jode in aanraking gekom, byvoorbeeld die offisier wie se slaaf siek was (7:5-13). Volgens Matteus het hy ook in sy uitsprake daarop gewys dat nie net tollenaars en prostitute nie, maar selfs ook heidene die koninkryk sal binnegaan (7:11-12; 21:31) – selfs nog voor diegene vir wie dit eintlik bestem is, naamlik Israel.

Die sinoptiese evangelies vermeld dat, bo en behalwe sondaars en persone van 'n lae sosiale status, Jesus ook nog gereeld in kontak gekom het met persone wat hul eervolle posisies binne die samelewing verloor het vanweë armoede en siekte. In een van die 'saligspreuke' in Lukas se 'veldrede' sê Jesus juis dat die koninkryk van God aan die armes behoort (6:20). Groot getalle mense in Palestina het gedurende die eerste eeu intense armoede beleef (Horsley, 1989:67-99). Hulle haglike omstandighede het egter nie by Jesus verbygegaan nie. Dit is juis aan diesulkes dat hy die koninkryk van God op 'n konkrete wyse kom verkondig het. Aan hulle sê hy onder andere dat God soos 'n vader is wat in al hulle daaglikse behoeftes voorsien (Luk. 14:15-24; 16:19-31).

3.3.2 Toegang tot die koninkryk van God

Op die vraag hoe mense deel word van die nuwe werklikheid wat Jesus gebring het, het ons reeds gesien dat hy van mense verwag het in om hulle lewens ooreenkomstig sy prediking en optrede te oriënteer. God se genadehandeling was vir hom onlosmaaklik aan sy eie optrede verknoop (Gnilka, 1990:109-117). Jesus het volgens die sinoptici egter nooit enige vaste skemas voorgehou waarvolgens mense hulle tot die nuwe werklikheid wat hy verkondig het, moes bekeer nie. Vir 'n welvarende jongman wat by geleentheid aan hom kom vra hoe hy die ewige lewe kon bekom, sê Jesus

volgens Markus dat hy al sy besittings moet gaan verkoop (10:17-31). Vir die wetgeleerde wat Jesus in 'n strik wou lei rondom dieselfde vraag (Luk. 10:25-27), sê hy dat gehoorsaamheid aan die groot gebod van God, naamlik liefde tot Hom en liefde tot jou naaste, die weg na die ewige lewe is. In Jesus se kontak met andere maak hy dit volgens die sinoptici egter deurgaans duidelik dat hulle huidige bestaanswyse onvoldoende is om deel te kan verkry aan God se ryk. Nougessette gehoorsaamheid aan die Tora en al die voorskrifte hieromtrent (as die norm wat die godsdienstige leiers van sy tyd neergelê het), was eenvoudig nie genoegsaam nie. Mense moes eerder hulle innerlike oriëntering verander deur hulle met berou voor God te kom stel (Schnelle, 1991:30-43). Terselfdertyd moes hulle deur hulle daade wys dat hulle lewens 'n nuwe koers ingeslaan het.

Anders as die meeste religieuse groepe van sy tyd het Jesus volgens die sinoptici onvoorwaardelike vergifnis aan sy navolgers aangebied. Hy het met ander woorde nie van hulle verwag om allerlei rituele en seremonies deur te gaan nadat hulle sy vergifnis ontvang het nie (Sanders, 1985:204-211). So het die siekes byvoorbeeld nie nodig gehad om offers te gaan bring nadat hy hulle genees het nie (met uitsondering van die persoon in Markus 1:40-45). Jesus se navolgers het ook nie nodig gehad om bepaalde vastye te onderhou (Mark. 2:18-22), of belangrike tradisionele gebruike na te volg, soos om die dooies in hul familie te gaan begrawe nie (Matt. 8:21-22).

3.4 Jesus se siening van tyd: die teenwoordige en komende ryk van God

In die eerste-eeuse wêreld het mense die fokus hoofsaaklik op die 'hier-en-nou' laat val (Malina, 1989b:1-31). Hulle het nie op 'n abstrakte wyse aan die toekoms gedink as 'n tyd met 'n klompie vaste datums en gebeurtenisse waarvoor hulle hulle nou reeds moes afsloof nie. Veel eerder is hulle denke oor die toekoms beïnvloed deur hulle belewenisse van die hede. Anders as vele moderne mense en gemeenskappe het die sin van die lewe vir hulle dan ook nie soseer in die toekoms gelê nie, maar in die hede. Binne hierdie konteks kom kondig Jesus volgens die sinoptici aan dat God se koninkryk reeds aangebreek het. Sy koninkryk was nie 'n abstrakte, geestelike konsep wat iewers tussen hemel en aarde gehang het nie. Mense kon dit sien en ervaar daar waar siekes genees is, duiwels uitgedryf is en aan sondaars vergifnis geskenk is. Maar, net soos sommige van die profetiese figure van sy tyd, het Jesus ook gesê dat God iewers in die nabye toekoms, wat nog buite die ervaringsveld van sy hoorders geval het, hierdie nuwe werklikheid permanent sou kom vestig (Tiede, 1990:38-56). Jesus self sou ook 'n groot rol speel met die koms van hierdie koninkryk. Trouens, soos reeds gesê, het hy homself geïdentifiseer met die bekende Seun-van-die-mens-figuur uit die Joodse apokaliptiek wat aan die einde van die tyd God se ryk sigbaar onder die mense sou kom vestig en as regter oor lewendes en dooies sou oordeel (Mark. 13:26-27).

Wat hierdie komende ryk van God betref, het Jesus volgens die sinoptici in sy leringe heelwat fasette hiervan aan die orde gestel, veral dan in die apokaliptiese gedeelte in Markus 13. Dit blyk onder andere uit die volgende:

- * God se koninkryk sal tot en met sy eie terugkeer slegs maar gedeeltelik op aarde sigbaar wees. Vanweë die voortgaande werkinge van sy aartsvyand, Satan, agter die skerm in mense se lewens, weier baie van hulle om deel van hierdie nuwe werklikheid te word. Daarom roep Jesus sy dissipels op om te bid om die koms van God se ryk (Matt. 6:10).
- * Volgens Jesus sal sy terugkeer as Seun van die mens iewers in die nabye toekoms plaasvind; maar oor die presiese tyd waarop dit sou gebeur, kon hy hom egter nie uitlaat nie, omdat hyself nie dié dag en uur geken het nie (Mark. 13:32). Maar dit het egter nie te ver in die verskiet gelê nie, soos wat hy by geleentheid aan sy dissipels gesê het (Mark. 9:1).
- * Jesus sê dat die koms van sy koninkryk voorafgegaan sou word deur allerlei gebeurtenisse wat as tekens moes dien dat sy koms voor hande is. Messiaanse figure sou byvoorbeeld op die toneel verskyn en profetiese figure sou mense met valse leerstellinge mislei. Terselfdertyd sou daar oorloë, hongersnood en aardbewings wees en sy navolgers sou ook vervolgd word deur ongelowiges (Mark. 13:3-13 par). Uiteraard was die mense van Jesus se tyd goed op hoogte met hierdie tipe tekens wat die nabyheid van sy koninkryk aangedui het. Vele profete en Messiaanse bewegings het immers in dié tyd in die openbaar opgetree, en armoede en geweld was aan die orde van die dag. Hierdie tekens was gevolglik waarskuwend van aard. Mense moes met ander woorde uit die moeilike omstandighede waaraan hulle daaglik blootgestel was, aflees dat God se koninkryk voor hande is.
- * Volgens Jesus sal sy terugkoms na die wêreld as regter 'n kosmiese, wêreldomvattende gebeurtenis wees (Mark. 13:24-27).

3.5 Jesus se siening van plek: nie meer heilige lokaliteite nie, maar heilige mense

Vir die Jode was hulle grondgebied heilig. Soos vroeër reeds opgemerk, was veral Jerusalem en die tempel vir hulle die heiligste lokaliteite op aarde omdat dit die woonplek van God was. Volgens die sinoptici het Jesus egter nie dieselfde konnotasie aan hierdie plekke geheg as vele van sy volksgenote nie. Hy het byvoorbeeld, tot groot

ergernis van die Joodse leiers, aangekondig dat die tempel spoedig vernietig sou word (Mark. 13:1-2). Eweneens het Jesus ook nie dieselfde 'politieke agenda' as baie van die religieuse bewegings en groepe van sy tyd gehad nie. Hierdie politieke agenda het hoofsaaklik gewentel om die bevryding van hulle grondgebied uit die hand van die gehate Romeine. Soos wat ons vroeër gesien het, het baie mense naamlik in dié tyd geglo dat God enige oomblik in die wêreldgeskiedenis sou ingryp en alle vyandige magte sou vernietig. Vanweë Jesus se magtige daade het baie mense hom dan ook beskou as die groot profeet van God wat die eindtyd sou inlei deur God se koninkryk sigbaar te vestig. Wanneer Jesus teen die einde van sy bediening naby aan Jerusalem kom, het 'n klompie van sy volgelinge gemeen dat die koninkryk van God enige oomblik sou kom (Luk. 19:11). Dieselfde gebeur ook wanneer Jesus Jerusalem 'n rukkie later op die rug van 'n donkie binnery (Mark 11:1-11 en parallelle gedeeltes). Baie mense meen nou weer eens dat hy die een is wat die koninkryk van God op 'n sigbare wyse in hulle midde gaan oprig en huldig hom as 'die koning van Israel.'

Uit bovermelde voorbeelde blyk dit dat vele mense verwag het dat Jesus op 'n sigbare wyse God se koninkryk oor die grondgebied van Israel sou proklameer. Hierdie konnotasie wat aan Jesus se optrede gekoppel is, en wat volgens die evangeliste selfs tydens sy verhoor voor die Romeinse prokurator, Pilatus (Luk. 23:3-4), en aan die kruis (Mark. 15:26) weerklank gevind het, is egter deur hom verwerp. Hy het homself inderdaad as 'n koning beskou, soos wat hy aan Pilatus bevestig het, maar dan as koning oor die nuwe ryk van sy Vader. Die koninkryk wat hy onder die mense van sy tyd kom bekendmaak het, was nie gekoppel aan die grense van Israel se grondgebied nie, maar wel aan die mense wat in hom geglo het. Sodoende was sy koninkryk op 'n dinamiese wyse aanwesig op dié plekke waar sy volgelinge hulle telkens bevind het.

4. SAMEVATTING: JESUS EN DIE KONINKRYK VAN GOD

Uit die voorafgaande bespreking oor Jesus se siening van die koninkryk van God, soos gereflekteer in die sinoptiese evangelies, blyk dit dat die term *koninkryk* vir hom 'n meestersimbool was om die realiteit wat tydens sy eie bediening aangebreek het, onder woorde te bring en af te grens van ander werklikhede binne die destydse tydsweging.

Ten eerste het hierdie nuwe Goddelike werklikheid direk verband gehou met Jesus se persoon en optrede. Hy was die brenger van die koninkryk van God.

Tweedens het Jesus ook vir God op 'n nuwe wyse aan die mense van sy tyd kom bekendstel. Volgens hom het God aan die hoof van die ganse wêreld gestaan, maar Hy het veral soos 'n vader opgetree jeens diegene wat deel is van sy ryk.

Derdens het Jesus kom sê en wys dat daar plek is vir alle mense binne die koninkryk van God, veral vir sondaars en eerloses.

Vierdens het hierdie koninkryk reeds sigbaar aangebreek: mense kon dit sien en beleef wanneer siekes genees is, duiwels uitgedryf is, ensovoorts. Maar God se koninkryk was ook nog op pad: wanneer Jesus binnekort as Seun van die mens sou terugkeer na die wêreld, sou hy God se ryk eens en vir altyd sigbaar vestig.

Vyfdens was God se ryk nie gekoppel aan heilige plekke soos die tempel nie. Die koninkryk was orals aanwesig waar Jesus se navolgers hulle bevind het.

Volgens die sinoptiese evangelies was Jesus se verkondiging van die koninkryk baie omstrede onder veral die Joodse maghebbers van sy dag. Teenoor hulle afbakening van die ganse sigbare en nie-sigbare werklikheid in terme van rein en onrein kategorieë, en hul dienooreenkomstige regulering van alle fasette van die amptelike godsdienstebeoefening volgens hul periodekode, het Jesus 'n nuwe werklikheid, met heeltemal ander grense, kom bekendmaak. Die godsdienstige leiers het kennelik besef dat die aanvaarding van Jesus se sieninge deur die Joodse bevolking 'n transformasie van die bestaande sosio-religieuse bestel (en van hul eie magsbasis) tot gevolg sou hê. Vandaar dan ook hul ingrypende optrede teen Jesus deur hom te laat kruisig – die sterkste vorm van protes denkbaar jeens enige teenoorstaande wêreldbeskouing. Tog is die boodskap van God se koninkryk nie deur die kruisiging van Jesus stilgemaak nie. Trouens, tot vandag toe nog vind hierdie boodskap wêreldwyd weerklank omdat Jesus van Nasaret op die ou end selfs die bande van die dood oorwin het.

BIBLIOGRAFIE

- BEASLEY-MURRAY, G. R. 1986. *Jesus and the Kingdom of God*. Grand Rapids: Eerdmans.
- BEASLEY-MURRAY, G. R. 1992. The Kingdom of God in the Teaching of Jesus. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 35: 19-30.
- BÖCHER, O. 1972. *Das Neue Testament und die dämonischen Mächte*. Stuttgart : KBW Verlag.
- BOERS, H. 1989. *Who was Jesus? The Historical Jesus and the Synoptic Gospels*. San Francisco : Harper & Row.
- BORG, M. J. 1987. *Jesus. A New Vision: Spirit, Culture, and the Life of Discipleship*. San Francisco : Harper & Row.
- CHILTON, B. 1984. *ed. The Kingdom of God in the Teaching of Jesus*. London : SPCK.
- CROSSAN, J. D. 1991. *Jesus of Nazareth: The Life of a Mediterranean Jewish Peasant*. San Francisco : Harper & Row.
- DU PLESSIS, I. J. 1990. *'n Kykie in die Hart van God*. Pretoria: N G Kerkuuitgewers.
- EBERTZ, M.N. 1987. *Das Charisma des Gekreuzigten: Zur Soziologie der Jesusbewegung*. Tübingen : Mohr.
- FREYNE, S. 1988. *Galilee, Jesus and the Gospels: Literary Approaches and Historical Investigations*. Philadelphia : Fortress.

- FUNK, R. W. & HOOVER, R. 1992. *Five Gospels, One Jesus*. Sonoma : Polebridge.
- GNILKA, J. 1990. *Jesus von Nazaret: Botschaft und Geschichte*. Freiburg : Herder.
- HENGEL, M. 1981. *The Charismatic Leader and his Followers*. Edinburgh: T & T Clark.
- HERRENBRÜCK, F. 1990. *Jesus und die Zöllner. Historische und neutestamentlich-exegetische Untersuchungen*. Tübingen : Mohr.
- HORSLEY, R. A. 1989. *Sociology of the Jesus Movement*. New York : Crossroad.
- KÜMMEL, W. G. 1985. *Dreissig Jahre Jesusforschung (1950-1980)*. Bonn : Hanstein.
- MALINA, B. J. 1989. *Dealing with Biblical (Mediterranean) Characters: A Guide for U.S. Consumers*. *Biblical Theology Bulletin*, 19: 127-141.
- MONTGOMERY, H. 1989. *Women and Status in the Greco-Roman World*. *Studia Theologica*, 43: 115-124.
- NEYREY, J. H. 1991. *The Symbolic Universe of Luke-Acts: 'They Turn the World Upside Down'*. (In Neyrey, J. H., ed. *The Social World of Luke-Acts: Models for Interpretation*. Peabody : Hendrickson. p. 271-305.)
- PERRIN, N. 1976. *Jesus and the Language of the Kingdom*. Philadelphia : Fortress.
- RIDDERBOS, H. 1962. *The Coming of the Kingdom*. Philadelphia : Presbyterian Reformed Publishing Co.
- ROHRBAUGH, R. 1991. *The City in the Second Testament*. *Biblical Theology Bulletin*, 21: 67-74.
- SANDERS, E. P. 1985. *Jesus and Judaism*. London : SCM.
- SCHNELLE, U. 1991. *Neutestamentliche Anthropologie: Jesus - Paulus - Johannes*. Neukirchen : Neukirchener Verlag.
- H. SCHÜRMAN, 1960. *Die vorösterlichen Anfänge der Logientradition*. (In Ristow, H. & Matthiae, K., Hrsg. *Der historische Jesus und der kerugmatische Christus: Beiträge zum Christusverständnis im Forschung und Verkündigung*. Berlin : Evangelische Verlagsanstalt. p. 342-370.)
- TIEDE, D. 1990. *Jesus and the Future*. Cambridge : Cambridge University Press.
- VERMES, G. 1983. *Jesus and the World of Judaism*. London : SCM.
- VORSTER, W. S. 1990. *Jesus the Galilean: Eschatological Prophet and/or Wisdom Teacher? Public lectures*. Pretoria : C.B. Powell Bible Centre.
- WITHERINGTON, B. 1990. *The Christology of Jesus*. Minneapolis : Fortress.

